Resensie 6
September 2012

Titel: Preaching Fools
Subtitel: The Gospel as a Rhetoric of Folly
Outeur: Campbell, CL & Cilliers, JH
Uitgewer: Baylor University Press 2012

# DIE DWAASHEID VAN DIE PREDIKING!

In 'n splinternuwe publikasie oor die prediking sien ons die denk- en pennevrug van twee ervare kundiges binne die dinamiese omgewing van die praktiese teologie. Johan Cilliers, professor in homiletiek en liturgiek aan Stellenbosch Universiteit en Charles Campbell, professor in homiletiek aan die *Duke Divinity School* in die VSA, het kragte saamgespan om 'n weldeurdagte werk die lig te laat sien.

Die titel van die boek: *Preaching Fools: The Gospel as a Rhetoric of Folly*, teen die agtergrond van 'n skildery deur Pablo Picasso met die titel *The Crucifixion* uit 1930, sit 'n mens reeds aan die dink. As 'n mens dan in die inleiding lees: “The gospel is foolishness. Preaching is folly. Preachers are fools”, maak dit jou nog meer nuuskierig. Daarom dat 'n ervare teoloog op die agterblad skryf: “Campbell and Cilliers have written a book that is at once startling in its simplicity and disturbing in its depth. *Preaching fools* is both unsettling and encouraging, compelling and liberating, a marvellous tool for preachers willing to risk the rhetoric of folly to speak truth.” In hierdie paar woorde vind mens 'n samevatting van presies wat die lees van hierdie boek by jou wakker maak.

'n Boek soos hierdie word egter nie oornag geskrywe nie. *Preaching fools* is die vrug van vier jaar se saam dink en saam werk oor die Atlantiese oseaan. Dit het begin by die 8ste vergadering van die *Societas Homiletica* (internasionale werkgemeenskap oor die prediking) in Kopenhagen, Denemarke, in Junie 2008 toe Johan 'n repliek moes lewer op 'n voordrag van Charles oor “the gospel as a rhetoric of folly”. By die geleentheid het hulle besef dat hulle dieselfde homiletiese insigte deel en het besluit om saam aan 'n boek oor die onderwerp te werk.

Die hoofstukke van die boek hanteer onderwerpe soos: Don Quixote en die kruis (deel van Picasso se skildery), dwaasheid aan die hart van die prediking, teologie tussen fragmentasie en vorm, 'n versmelting van wêreldse soliditeite, die stommiteit van die wêreld en die dwaasheid van Jesus, lag en klag, dwase predikers en 'n retoriek van dwaasheid.

In die onderwerpe wat die skrywers aanspreek, is dit duidelik dat hulle deeglike kennis neem van die postmoderne lewensklimaat waarin die prediking, soos in die eerste eeu (1 Kor 1:17-25 en 4:9-10), vir die wêreld stomverbaas laat staan oor die oënskynlike dwaasheid daarvan. Daarom verduidelik hulle dat dit nie vir hulle in die eerste plek oor die “humor van die evangelie” of oor “'n God wat lag” of oor “'n komiese visie op die Skrif” gaan nie, maar oor 'n dieper oortuiging: “We contend

http://ngtt.journals.ac.za

that the foolishness of preacing is inseperable from the folly of the cross" (1 Cor 1:17-25).

Dit is met hierdie oortuiging wat hulle op vaardige wyse, met baie voetnotas wat verwys na akademiese werke, die leser inlei in die wyse waarop parodie, humor en dwaasheid reeds in die antieke wêreld van Rome, Griekeland en Israel aan die werk was, maar hoedat dit tot vandag op verskillende maniere in die teologie en in die publieke sfeer lewendig gehou word in die kulture van die Weste en Afrika. En wie dit waag om dieper te kyk, sien dat dit nie los gemaak kan word van "die dwaasheid van die kruis" nie.

Daarom is dit 'n boek wat ten diepste teologies is en op multidimensionele wyse predikers uitdaag oor wat dit beteken om 'n dwaas op die preekstoel te wees. Dit is 'n boek wat jou uitnooi na 'n opwindende reis in woorde en prentjies (selfs spotprentjies) deur die homiletiese landskap. As jy dit waag om deel te neem, bring dit jou op plekke wat jy dalk nog nie voorheen besoek het nie, vol verrassings.

Die skrywers daag ons op 'n kreatiewe manier uit om ons eie verstaan van die teologie van die prediking grondig te herdink aan die hand van voorbeelde van humor, liminaliteit en inkongruensie. Op 'n subtiele manier ontwrig hulle bestaande persepsies oor die rol van die prediker deurdat hulle ons op meesterlike wyse inlei in die ruimtes van liminaliteit. Hierdie ruimtes van liminaliteit is dan ook die plekke waar dit vir dwaasheid moontlik raak om in heilige wysheid getransformeer te word.

In daardie sin is *Preaching fools* alles behalwe 'n dwase geskenk vir enige persoon wat weet dat die krag van die evangelie in die dwaasheid van die kruis gevind word en wat dwaas genoeg is om te bly glo dat God deur sy Gees die prediking daarvoor gebruik.

**DR IAN NELL**
**(MEDEPROFESSOR IN PRAKTIESE TEOLOGIE, UNIVERSITEIT STELLENBOSCH)**
September 2012